Informa

June 2005 - 4 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# Verbetering van fasiliteite en vervoernetwerk beoog

Groot planne kom en groot geld gaan spandeer word aan beter klaskamergeriewe, toegang tot rekenaars vir groot groepe en rekenaarfasiliteite naby aan koshuise. Daar word beplan om vordering te maak met die verkeers- en parkeringsprobleme op die sentrale kampus. Sport gaan ook nie agterweë bly nie.

Die Uitvoerende Bestuur van die universiteit het sy bestedingsplan vir 2005 goedgekeur. "Die doel is om beskikbare kapitaal aan die kernbesigheid van die universiteit – die bevordering van akademie – te bestee," sê me. Edma Pelzer, Direkteur, Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte.

Altesaam R34 miljoen gaan aangewend word om fasiliteite en die vervoernetwerk so in te rig dat dit doeltreffende leer akkommodeer en bevorder. Die universiteit beoog om dié verbeteringe nog vanjaar aan te bring.

'n Tekort aan groot lesinglokale wat tussen 500 en 700 studente kan akkommodeer is geraporteer. Die universiteit hoop om die behoefte om groot klasse as een groep te akkommodeer so gou moontlik aan te spreek.

Die moontlike oprigting van 'n nuwe gebou wat optimaal voorsiening sal maak vir die spesifieke tegnologiese behoeftes van die UV word oorweeg. In




*Mr Olihile Sebolai, full-time student at the UFS's Department of Microbial- Biochemical and Food Biotechnology, made a ground-breaking discovery in the field of microbiology. He uncovered a series of new compounds that may in future be used to lubricate man-made nanorobots. Read more on p. 14.*

die opsig word na planne vir rekenaarlaboratoriums gekyk.

Die uitrol van e-leer en ander ontwikkelinge verg dat studente op verskillende wyses toegang tot rekenaars moet hê. Volgens mev. Alida Dippenaar, Assistent Direkteur by die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling, en mnr. Chris Linström, Assistent Direkteur by Rekenaardienste, word individuele werkstasies vir sowat 600 studente beplan asook fasiliteite vir groot groepe van onderskeidelik 80, 50 en 30 en klein groepe van 5-10 studente wat saam aan 'n opdrag werk en saam toegang tot een rekenaar nodig het. Daar word beplan om hierdie soort fasiliteite sover moontlik te konsentreer in een kompleks.

Die Ruimte op die Thakaneng-brug word tans omskep in 'n groep-rekenaarlaboratorium en ondersoeke om ongebruikte eetsale te omskep in rekenaarlaboratoriums is ver gevorder. Buiten dat

Verbetering van fasiliteite... vervolg op p2.



# UFS signs bursary agreement with Primedia



*Signing the agreement with Primedia Foundation are standing Mr Frisky Domingues and Ms Heather Visser from Primedia and in front from the left are Mr Vernon Collett, Registrar: Student Academic Services, Mr Issie Kirsh from Primedia and Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs.*

The University of the Free State signed a bursary agreement with the Primedia Foundation on 4 May 2005. Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs, and Mr Vernon Collett: Registrar: Student Academic Services, signed the agreement on behalf of the UFS.

Primedia Foundation granted bursaries to the value of R20 000 each to five students this year and five next year. The bursaries will be granted to second- and third-year students who are studying for either a Marketing degree in Communications and/or Sport Communications in the Faculty of The Humanities, a Marketing degree in the Faculty of Economical and Management Sciences or a Sports degree in the same faculty. The chosen students must pass at least 50% of their prescribed course to stay in consideration for the bursary that is valid for a period of two years.

The university will also receive from Primedia Foundation advertising space to the same value as the bursaries – R200 000.

# UFS School of Medicine is in excellent health

The UFS School of Medicine in the Faculty of Health Sciences is delivering good quality teaching and thus became one of only a handful of similar South African schools that received accreditation from the Health Professions Council of South Africa (HPCSA). Prof. Gert van Zyl, Head of the school, said the school is very proud of this achievement. The school’s curriculum is similar to those of the world's best medical schools.

The accreditation also benefits the medical students. Instead of following a six-year curriculum they now follow a five-year curriculum and can start working one year earlier than students at other universities.

Verbetering van fasiliteite... vanaf p1.

addisionele toegang tot rekenaars geskep sal word, sal hierdie besluit ook die veiligheid van veral vroue studente op kampus bevorder. Die ongebruikte eetsale is sentraal tussen die koshuise geleë en studente wat die rekenaarlaboratoriums teen laat skemer verlaat, sal dan gerieflik naby hul koshuise en tussen ander studente wees.

Grootskaalse verbeterings aan die vervoernetwerk sal hopelik frustrasies verminder. Die verbeteringe sluit in meer toegange tot die kampus, die oprigting van sekuriteitswaghuise, die skep van blokparkeerareas vir studente, die beperking van algemene parkering in die sentraalkampus en die inrig van 'n taxi-aflaai- en stoorplek.

Die veranderinge sluit ook die verskuiwing van die Mikrobiologiehek na Wynand Moutonrylaan in. Die verbeterings sal vanjaar en volgende jaar aangebring word.

Die veiligheid en gerief van voetgangers is steeds 'n prioriteit vir die universiteit. "Planne om die voetgangernetwerk verder uit te brei gaan voort. Konstruksiewerk net suid van die Flippie Groenewoud-gebou begin eersdaags," sê me. Pelzer.

Sportliefhebbers kan ook opgewonde raak oor die beoogde veranderinge op kampus. Die universiteit gaan die bestaande sportfasiliteite opgradeer en ook begin met die aanbou van 'n astro-hokkiebaan waarvoor altesaam R6 miljoen begroot is.

## WEN • WIN

### All about Kovsies…

**Be on the lookout for our new cartoon strip on the back page, replacing Bottom Line. This strip promises to deliver all kinds of juicy bits of information. The main character that will introduce you to a new conversation topic is still without name.**

**Send your suggestion for a name to bolleursl.stg@mail.uovs.ac.za and stand a chance to win a voucher to the value of R100 at Traümerei.**

**Also forward suggestions for possible topics for the cartoon strip. Entries close 10 August 2005.**

# Sport Centre a dream for this Sports Officer

Sport brings vibrancy to an institution. When students are involved in sport their chances of alcohol and drug abuse and pregnancies are limited. It is in general a socio-economic benefit. This is the view of Mr Danile Zoko, sports officer at the Qwaqwa Campus.

Mr Zoko is a sportsman. He played soccer, tennis, table tennis and is also a fitness fanatic who does aerobics and often jogs his 10 km's.

"It is important to have sport activities on campus. For some students it can become a career. If the student is good enough it can benefit him or her. It can become a profession," he said.

The Sports Office was established two years ago and falls under Mr James Letuka, the Director: Kovsie-Sport. Although the Sports Office is a great benefit to many students and the local community, the campus does experience some challenges in this regard. "Our main challenge is the infrastructure on campus. We only have one soccer field for eight teams. They are using it on a weekly basis and the field is becoming overused. We plan to have two more soccer fields, but it is a major process. Finances must be provided," said Mr Zoko.

He is also distressed about the lack of dressing rooms. "There is only one dressing room for the soccer, netball, tennis and volleyball teams. Sometimes the situation is a nightmare if all codes are using the facilities at the same time. There is one tennis court and one netball court and no track for athletics. However, we do have a good partnership with the municipality and we assist each other with the things we do not have," he said.



*Mr Danile Zoko.*

With the limited resources available the Qwaqwa Campus still manages to host community outreach programmes. They allow the community to use their facilities for development purposes.

Although the number of students who participate in sports is increasing, Mr Zoko believes that with sufficient infrastructure the campus would be able to attract more students. "My vision is to have a sports centre – a multi-purpose structure. We contacted the Lotto for funds. Currently we are using the multi-purpose hall on campus for sports, however it is also being used for academic purposes such as exams and the community also has access to it. With a sport centre we will not disturb any of these activities. The sport centre will diffuse many problems and stress amongst students.

"We hope this vision will realise. Many students visit the main campus and see the facilities. They then return to Qwaqwa and put pressure on us for similar facilities.

"Sport plays a prominent role in attracting students and motivating those locally to stay here. We must offer something to students in the way of sport. We do not have that kind of attractions yet, but hope to solve the problem soon," said Mr Zoko.

# SRC committed to fight HIV and AIDS




*For the first time since the existence of the Centre for HIV and AIDS at the UFS the Student Representative Council (SRC) underwent HIV and AIDS testing. With this they demonstrated their commitment to the fight against HIV and AIDS on the campus. With Dr Petro Basson, head of the Centre for HIV and AIDS at the UFS, are (front left) Mr Alfred Geldenhuys, SRC President. Back from left are Ms Lerato Mofoti, SRC: Constitutional and Legal Affairs, Mrr Clayton van der Ross, SRC: Transformation, Johan van der Merwe, SRC: Rag, Khotso Motloung, SRC: Recreation and International Affairs and Ms Tanya de Jager, SRC: Ladies Internal Liaison.*

# Nursing appoints new head



*New nursing head welcomed. At the function were from left Prof. Teuns Verschoor, Prof. Anita van der Merwe and Prof. Magda Mulder, School of Nursing.*


Prof. Anita van der Merwe was appointed as the new head of the School of Nursing at the UFS. At a welcoming function for her Prof. Teuns Verschoor, Vice-rector Academic Operations, said: “We are very pleased to have won Anita van der Merwe as a colleague. Although new in this position she is not a stranger to the Free State. In the late 1980’s and early 1990’s she was Vice-principal at the then Nursing College of the Free State and Chief Nursing Service Manager at the Pelonomi Hospital.”

Prior to accepting the position at the UFS Prof. Van Der Merwe applied her expertise at the Federal Department of Nursing, Ministry of Health in the United Arab Emirates. Here she held the position of nursing advisor for six years and was instrumental in the review, setting up of systems, projects and services at national and emirate level.

Also on her tally is a position as associate professor in Nursing at the School of Nursing at the University of Natal. At the World Health Organisation (WHO) Prof. Van Der Merwe did management and problem based learning development and supported the design of a discussion board website for chief nurses worldwide.

# Minister appoints Prof. De Waal

Mr Trevor Manuel, Minister of Finance, appointed Prof. Daan de Waal, departmental chairperson of the Department Mathematical Statistics at the UFS, as member of the South African Statistics Council. It is the first time that a staff member of the UFS is appointed as member of the council. The appointment was made for a term of three years.



*Prof. Daan de Waal.*



# No stop to Olihile's achievements

Mr Olihile Sebolai, a full-time Masters student at the UFS’s Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology, has made a ground-breaking discovery in the field of microbiology by uncovering a series of new compounds that may in future be used to lubricate man-made nanorobots. He made this discovery while working on his M.Sc. on yeast.

With this discovery Mr Sebolai was awarded six prestigious prizes during the autumn graduation ceremony at the UFS. He received the Senate Medal and prize for being the best Masters student at the UFS, the Dean’s medal for being the best Masters student in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, the Andries Brink–Sasol Prize for the best M.Sc. dissertation in Microbiology, the J.P. van der Walt Prize for best M.Sc. dissertation in yeast science; the Chris Small Prize for an outstanding Masters dissertation; and was awarded honorary colours by the UFS Student Representative Council.

“Words cannot describe how excited I am. I never expected to receive such recognition for my studies. I am humbled by all of this,” said Mr Sebolai.

The Lipid Biotechnology Group at the UFS recently discovered that some yeasts produce their own water-propelled capsules in which they are transported. “In order to function properly, parts of the capsules are oiled with prehistoric lubricants – lubricants that are produced by yeasts and that probably existed for many millions of years as yeasts developed.

“With my studies I discovered many new compounds that resemble these prehistoric lubricants. These lubricants may in future be used to lubricate man-made nanorobots and are similar in size compared to yeast capsules,” said Mr Sebolai. The nanorobots are used to perform tasks in places that are invisible to the naked eye and could one day be used, among others, to clean up human arteries.

# Koppie koffie met...



## Prof. Hennie praat oor moedertaalonderrig in Afrikaans, gedigte en lekker kos



*Prof. van Coller, soos hy in die advertensie van Clover verskyn het.*

Prof. Hennie van Coller, Hoof van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die UV, is vroeër vanjaar op 'n vergadering in Bellville verkies tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy beskou die verkiesing as 'n groot eerbewys omdat uitnemendheid sentraal staan in hierdie organisasie. Lidmaatskap van die Akademie is 'n erkenning van akademiese meriete, want lede word op grond van prestasie op wetenskaplike, tegnologiese of kulturele gebied verwerf.

Die Akademie is multidissiplinêr en bied iets vir almal. Dit beywer hom vir die uitbou van die hoër funksies van Afrikaans én die kunste. Dit doen hy deur kommissies wat bekronings hanteer, die reël van olimpiades en belangrike lesings. Die Akademie organiseer ook gereeld byeenkomste oor aktuele sake.

Prof. Van Coller ondersteun die Akademie se siening oor die behoud van Afrikaans as moedertaal in die onderwys. "Persoonlik dink ek daar is baie voordele in moedertaalonderrig. Binne 'n veeltalige, demokratiese land is diversiteit in tale tot voordeel van almal en is dit belangrik dat mense die reg moet hê op moedertaalonderrig," sê prof. Van Coller.

Hy het ook geen vrees dat Afrikaans as omgangstaal gaan ophou om voort te bestaan nie. Hy sê, "Die hoër funksies van Afrikaans is egter onder druk, byvoorbeeld in die regspleging en die wetenskap. Die toekoms daarvan hang af van die mate waartoe jy enersyds begrip by die owerheidsinstansies kan kry en hoe jy andersyds deur druk ruimte vir Afrikaans kan skep. Hoofsaaklik hang dit af van die wil van die Afrikaanssprekende. Die toekoms is in ons hande."

Sy studieloopbaan het aan Wits begin, nie in tale soos meeste sal vermoed nie, maar in die regte. In sy derde jaar regte het hy Afrikaans geneem en is deur die digter Van Wyk Louw as assistent aangestel. In die departement word hy toe omring deur digters en skrywers soos Ernst van Heerden, P.G. du Plessis, P.J. Nienaber en John Miles. Die invloed moes groot gewees het, want toe die lus vir die tale hom eers beetgepak het, het hy nooit teruggegaan regte toe nie.

In 1979 het prof. van Coller begin werk aan die UV. In 1988 is hy as hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aangestel en het ook in 1997 uitstaande professor geword. Ongeag dié hoogtepunte in sy loopbaan sal hy altyd sy beginjare hier by die UV onthou. "Wat my bybly is die wonderlike eerste jare toe ek hier was. 'n Bruisende gevoel en avontuurlus het my beetgepak. Ek het gevoel dit is 'n universiteit wat navorsing ernstig neem," sê hy.

Prof. van Coller se passie strek egter verder as die kampusgronde. Hy raak ook net so opgewonde oor 'n lekker gereg en 'n goeie bottel wyn. Hy het 'n passie vir die bereiding van lekker (en mooi) kos. Bredies kan hieronder geklassifiseer word. "Dit is 'n uitdaging om dit op kreatiewe wyse mooi en geurig voor te berei. Dit is volkskos." Hy was ook landswyd aangewys as die wenner in Clover se kaaskokwedstryd.

Prof. van Coller los ook nie die pen en papier by die werk nie. Hy skryf graag gedigte en behartig 'n tweeweeklikse rubriek vir *Volksblad*. Dit is 'n manier om te ontlaai, sê hy. En as die frustrasies te erg raak en onttrekkingsimptome begin intree, hou hy daarvan om te reis. Alhoewel hy al op baie plekke was, is sy gunsteling bestemming Nederland en België. Hy het aan die Universiteit van Utrecht studeer en probeer om elke twee jaar dié omgewing te besoek.

# Qwaqwa, hoofkampus studente leer saam

Derdejaarstudente in Dierkunde, Entomologie en Plantkunde van die Hoofkampus en Qwaqwakampus het 'n ekologie-uitstappie in die De Hoop-natuurreservaat bygewoon. Dit was die eerste keer dat 'n gesamentlike uitstappie deur die verskillende departemente onderneem is en ook dat die Qwaqwa-dosente en studente aan die aktiwiteite deelgeneem het.

Tydens 'n informele bring-en-braai-byeenkoms is daar terugvoering gegee oor die aktiwiteite aan prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, en prof. Neil Heideman, Visedekaan: Natuur- en Landbouwetenskappe.



*Verskeie eienskappe van fynbos word hier bepaal en gemeet deur mnr. Stephan Brown, Plantkunde-student van die Hoofkampus, en me. Tlalane Leodi, Plantkunde- en Dierkunde-student op die Qwaqwa-kampus.*

# The Extreme Team takes science to the people

The Extreme Biochemistry group from the Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology at the UFS are not only delving for micro-organisms in mines 3,8 km below the surface – they also know the importance of community service.

Drs. Esta van Heerden and Lizelle Piater led a couple of eager postgraduate students (microbiologists and biochemists) to the Koot Niemann School in Thaba Nchu. Armed with 20 microscopes, bags full of Petri dishes and a couple of microbial strains, the team set out to stimulate scientific interest in the future generation of South Africa.

Learners from Grades 8 to 10 were informed about the wonderful world of micro-organisms and their potential application in the biotechnology industry, as well as the nature and possibility of microbial life on Mars. Since the Extreme Team has strong links with NASA, the landing and sampling method of the Rover on Mars was also shown to the excited learners.

The postgraduate students also demonstrated the functioning of the microscope and allowed every learner to view various micro-organisms under a range of magnifications. “What also created a tremendous amount of excitement was when each learner was given a Petri dish and were challenged to grow micro-organisms from anything they deemed as “clean” so as to demonstrate the presence of microbial activity all around us,” said Dr Piater.

Ms Estelle Marais, teacher at the Koot Niemann School, who initiated the visit, was excited about this outreach programme since the school has limited exposure for the learners and this visit demonstrated these new biological fields which are now included in the school syllabus.

# Monsanto smee bande met Plantwetenskappe-personeel



*Personeel van die Departement Plantwetenskappe het onlangs die mielienavorsingsentrum van Monsanto te Petit, Gauteng, besoek. Die doel was om bande tussen die UV en Monsanto te versterk, veral ten opsigte van studente-opleiding en gemeenskaplike navorsingsprojekte. Plantwetenskappe- personeel verskyn op die foto saam met mnre. Martin Alberts en J.D. Rossouw (onderskeidelik links en derde van links), beide mielietelers van Monsanto.*

# Bourekenkunde vier 50 jaar



*Prof. Roland Gareis van die Wirtshafts Universität in Wenen, Oostenryk het die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur besoek. Hy het 'n gedenklesing aangebied oor internasionale tendense in projekbestuur ter viering van die departement se 50ste bestaansjaar aan die UV. Die departement is ook een van 14 internasionale navorsingsvennote oor projekbestuursvolwassenheidsmodelle wat deur prof. Gareis gekontroleer word. By prof. Gareis (middel) is van links proff. Dries Hauptfleisch, Herman van Schalkwyk, Dekaan Fakulteit Natuur en Landbouwetenskappe, mev. Benita Kotze, Projekbestuurder Suid-Afrika, en prof. Basie Verster, Hoof van die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur.*

# Status van etiese kode vir Regte verhoog

Ongeveer 250 LL.B.-eerstejaar- en finalejaarstudente en agt dosente van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV het op 'n spesiale geleentheid die Etiese Kode vir onderskeidelik studente en dosente afgelê.

Me. Adri Kotzé, Fakulteitsbestuurder, sê die fakulteit het vanjaar die kode tydens 'n aparte seremonie afgelê. Voorheen is dit saam met 'n gradeplegtigheid gehou, maar ons het hierdie jaar gevoel dat die erns en formaliteit van die geleentheid verlore gaan as ons dit na 'n lang gradeplegtigheid hou.

Appèlregter Deon van Zyl was die gasspreker.



*By die aflegging van die Etiese Kode vir onderskeidelik dosente en studente is van links mnr. Simele Shange, LL.B.-eerstejaarstudent, prof. Johan Henning, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid, mej. Jenny de Bruyn, LL.B.-eerstejaarstudent, mej. Olwethu Majola, president van die Juridiese Vereniging, en Regter Deon van Zyl.*


Alexander Forbes
PERSONAL SERVICES

YOUR SHORT-TERM INSURANCE SOLUTION
U OPLOSSING VIR KORTTERMYNVERSEKERING

This is short-term insurance with long-term commitment.
We offer a product with the least exclusions in the market and cover options that will suit your individual needs

Hierdie is korttermynversekering met langtermyn toewyding.
Ons bied 'n produk met die minste uitsluitings in die mark en dekking wat aan u individuele behoeftes voldoen

Call Vossie Pienaar
on 083 633 6194

Tel : 051 403 6500
Fax : 051 430 3770
E-mail : pienaarv@aforbes.co.za
Website: www.personalservices.co.za

# Ons Herfs gradepl

## Qwaqwa Graduation ceremony





*Prof. Peter Mbati, Qwaqwa campus head and Rev. Kiepie Jaftha during the Qwaqwa graduation ceremony.*

## UFS



## Strategiese Kommunikasie streef vooruit




*Mes. Leatitia Pienaar enTumi Tabane.*

Ondersteuningsdienste aan die UV het ook 'n toevoeging gemaak tot die graduandikorps. Me Leatitia Pienaar en me. Tumi Matabane van Strategiese Kommunikasie het onderskeidelik hul meesters-grade in Geskiedenis en Kommunikasie en Inligtingstudie ontvang op vanjaar se herfsgradeplegtigheid. Me. Pienaar was ook een van die toppresteerders in haar klas.

# legtigheid in 2005





Dr Mark Pawley en Prof Helena van Zyl.

## School of Management delivers first Ph D

At the recent autumn graduation ceremony Mark Pawley received his Ph. D. and became the first doctoral graduate from the School of Management at the University of the Free State.

## Directorate Research Development firmly anchored in academia



Dr Aldo Stroebel and Ms Melody Mentz.

The Directorate for Research Development is proud to have had two of its staff members receiving degrees at the April graduation this year. Aldo Stroebel obtained his PhD in Sustainable Agriculture and is the first student to receive a doctorate from the Centre for Sustainable Agriculture. He completed his doctoral course work at Cornell University USA, having been awarded the Ronald P Lynch Dean of Agriculture and Life Sciences Fellowship.

Melody Mentz obtained her B.Com-degree (Human Resource Management), with distinction. She received the prize for being the top third year student in Private Sector Management at the Prize Giving function of the Faculty of Economic and Management Sciences. Furthermore, she was announced as joint winner of the Academic Kovsie Dux Student award at the Academic Honours Dinner of the Student Representative Council.

# honours five



*The UFS awarded five honorary doctorates during its recent autumn graduation ceremony. At the chancellors dinner were from the left, front: Prof. Jan Groenewald (D. Sc. (hc)), Ms Maria Ramos (Ph. D. (hc)), Proff. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS and Sampie Terreblanche (C. Dom. (hc)). From left, back: Proff. Anthon Heyns (MD (hc)) and Jaap Durand (D. Phil. (hc)).*

Mooirivier
Makelaars /Brokers

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak,*
*effektiewe eisebestuur en risiko*
*beperking, wat lei tot lae premies*
*en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through*
*personal contact, effective claims and risk management,*
*which results in lower*
*premiums to give you peace of mind.*

Kontak ons by Tel (051) 447 6877 Faks (051) 447 5758 of
e-pos aan mmbloem@mweb.co.za
Contact us on Tel (051) 447 6877 Fax (051) 447 5758 or
e-mail mmbloem@mweb.co.za

Hollard
SELECT BROKERS

# Die soort Kovsie waarop ek trots is

Dagsê

*Dis die blond, dis die blou, dis die bibber in die kou!* Ja-nee. Soos my ou vader gesê het toe hy as student vakansies paaie gebou het om sy studiegeld (deeltyds) self te kan betaal. "*So is die lewe vir een pond sewe. Vandag is dit bibber, more is dit bewe…*" Merkwaardige mense ons ou voorgeslagte!

En dit lyk my vandag se studente kry maklik beurse om vir spogkarre en 4X4XVREESLIK-WINTIE te kan betaal. Mammie sê vandag se studente weet net nie hoe lekker 'n mens 'n ou Volkswagenkewer met 'n stukkende *heater* op Naval Hill kan warm vry nie! Ag shame en dan het hulle nie eers meer *drive-ins* nie!

Elke "arm" student het 'n selfoon en trek die mense vir jou aan! Dis net *labels, labels* waar jy kyk! Nie dat 'n mens altyd kán kyk nie, want party damestudente is nou so arm dat hulle nie meer materiaal kan bekostig om hulle jeans behoorlik tot naby die naeltjie en deeglik oor die boudjies te kan rek nie. Dit bly vir my snaaks as die met die geen-gebrek aangeld-vir-slaptjips-lyfies so wegstap! Pure hiëna! Alles hang as hy wegstap, maar alles staan as hy naderstorm!

Nie dat die manstudente agterbly nie. Hulle studeer hulself poegaai! Dié dat hulle geen krag oor het om 'n hemp in te steek nie. Nee, hulle moet nog tyd spaar ook! Daarom trek hulle sommer die hele week se *T-shirts* en *sweaters* en soort-van-hemde alles Maandag oormekaar aan. En verkieslik dié met die langste moue en pante heel onder, sodat hulle met die wegstap lyk soos 'n kleurkaart by 'n verfwinkel.

Mammie sê dit lyk in elk geval beter as die vaalbruin, bruinbruin en donkerbruin (vir kerk) safari-*suits* waarmee ek Varsity toe gekom het.

Bultjie was DIEP SEERGEMAAK! Verder sit-lê hulle so op die rugbeen? Gooi studente nog kole oor vakansies? Of is almal nou net *waiters* by die Spur?

Bultjie praat nou die dag met 'n oudstudent wat nagte en naweke bus bestuur het.

Hy't opgevlieg Ope Dag toe om sy kind hier te kom inskryf – met sy eie vliegtuig, want hy het sy eie vervoeronderneming laasweek vir R6,5 miljoen verkoop!

Where are the days when a student called Bennet lived in his bakkie on campus? I found him one night in the middle of winter shivering in his sleeping-bag under a parking bay next to the swimming pool. With a primus, a tin of Bully Beef and bread. If he was lucky he could "steal" some tea from the teapots at the old Malhuis. And Prof. Parker disturbed his sleep at least twice per night, urging him on: "Jy kan nie hier slaap nie! Move! Move!"

He then just drove to a new spot on campus, slipping Prof. Parker for a few hours. He lived like that for two years until we found out.

I can now state that we moved him illegally into a building – which I won't mention – for his last year of studies!

But *Mister* B was in class everyday! And on time! With his dog, Vanger! Where he got food for the dog I really don't know!

Today *Mister* B owns a big farm in the Kalahari, is married to a beautiful girl from the Netherlands and very proud of his two sons. "*And,*" he says," *the Landbank owns only 3% of my farm. My Isuzu is paid and I planted monkey nuts – not mealies! So I've arrived. And Vanger died seven years ago and on his gravestone is written: Vanger- B.Sc. (Landbou, UOVS).* And you know what? He asked me how he can support a poor student of my choice. That's the type of Kovsie I'm proud of.

Groete van huis tot huis en sit maar 'n blikkie Bully Beef op Vanger se graf!

Bultjie

# UV brei sy kudde uit



*Jersey SA het twee verskalfies van ongeveer R16 000 aan die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde oorhandig. Die versies wat by die bestaande kudde op die UV-proefplaas gevoeg sal word, sal in suiwelnavorsing vir studente-opleiding aangewend word. Van links is, mnr. Willie du Plessis, President van die SA Jersey-vereniging, prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur en Landbouwetenskappe, mnr. Poena van Niekerk, bestuurder by Jersey SA, en prof. Johan Greyling, Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde.*

# Many attended lecture by Maria Ramos



Foto: Volksblad

*Ms Maria Ramos, Chief Executive Officer of Transnet in action at a breakfast presented by the Centre for Business Dynamics, of the UFS School of Management. Approximately 250 guests attended this breakfast where Ms Ramos was the guest speaker.*

# School of Management hosts workshop on case writing




*The School of Management at the UFS recently presented a workshop on case writing. From the left are Proff. Willie van der Merwe, lecturer at the Department of Business Management; Coen Bester, lecturer at the Department of Industrial Pschygology; Mukul Gupta, of the Management Development Institute in Gurgaon, India; Helena van Zyl, Director: School of Management; and Mr Theo Potgieter, a consultant of the School of Management.*

## Kovsies presteer 'n barshou

"Kovsie se nr.1-gekeurde tennisspeler, Michelle van Staden, is na afloop van die SASSU-oefenkamp tot die SA studentespan verkies om vanaf 10 tot 21 Augustus 2005 aan die 23ste Studente-wêreldspele in Izmar, Turkye deel te neem.

"Michelle het gedurende verlede jaar se SASSU-toernooi nie een wedstryd afgestaan nie en is nie-amptelik as die nr. 1-vrouespeler in SA studentetennis aangewys.

"Die UV se afrigter, mnr. Marnus Kleinhans, sal die SA studentespan as spanbestuurder na Turkye vergesel," sê Karen Duvenage van KovsieSport.

# School of Nursing commemorates the Lady of the Lamp

The School of Nursing at the UFS celebrated International Nurses Day on 12 May. A memorial service was held at the Wynand Mouton Theatre, at which registered nurses and midwives reconfirmed their oath and commemorated the birth of Florence Nightingale, Lady of the Lamp.

The broader campus was also part of this occasion. Student nurses were present – and visible – in their uniforms. After measuring people's blood pressure, they "sweetened" the results with toffees.




*Commemorating the birth of Florence Nightingale are from the left Prof. Magda Mulder, Deputy Head: School of Nursing, Prof. Anita van der Merwe, Head of the School of Nursing, student nurse Lerato Ramahlaha, Bishop Patrick Glover, Archbishop of Bloemfontein, student nurse Jorita van der Berg and Reverend Don Narraway, Dean of St Michael's Cathedral.*

# Sentrum vir Landboubestuur sê dankie

Die Sentrum vir Landboubestuur het tydens 'n funksie sy finansiële vennote bedank vir hul ondersteuning en bydraes die afgelope jaar. Vennote het onder meer geld bewillig vir die voltooiing van 'n groentetuinvideo wat deur die sentrum vervaardig word, kort kursusse vir opkomende boere, die bestuur van die sentrum en 'n kort kursus in risikobestuur vir kontantgewasse.

Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, het dr. Wimpie Nell, Direkteur van die Sentrum vir Landboubestuur gelukgewens met die werk wat hulle doen en bedank vir die feit dat hulle die strategiese prioriteite uitleef, soos die aanspreek van streeksproblematiek en hul betrokkenheid by samelewingsdiensleer. "Wat julle verrig het, kom nie vanself nie. Dit neem visie en oortuiging om so iets deur te voer," sê hy.

Prof. Verschoor het ook die finansiële vennote van die sentrum bedank. Mnr. Andries Mulder van Eerste Nasionale Bank, mnr. Anton Barker van Afgri en mnr. Schalk Schultz van Agri Risiko Spesialiste (ARS) is van die sentrum se finansiële vennote wat die funksie bygewoon het.



*Dr. Wimpie Nell oorhandig 'n kopie van die boek "Strategic approach to farming success" aan mnr. Anton Barker. Dr. Nell is een van die outeurs van die nuwe boek wat onlangs die lig gesien het.*

# Stompie ingespan vir diensleer

Die Hoofdirektoraat Samelewingsdiensleer het 'n Volkswagen Caddy aangekoop om ontwikkelingswerk in Philippolis, Trompsburg en Springfontein voort te sit.

Die plattelandse vlagskipprogram, die Free State Rural Development Partnership Programme (FSRDPP), vestig vennootskappe, diensleermodules en navorsing in die streek. "Dit verg dat mense gereeld tussen die verskillende gemeenskappe vervoer word. Die Caddy leen hom ideaal daarvoor," sê dr. Retha du Plessis van die FSRDPP. Sy reis weekliks vanaf Bloemfontein na die streek.

Die Caddy vervang die vorige voertuig, 'n Toyota Tazz waarmee reeds 200 000 km afgelê is. "Ek glo dat die Caddy, Stompie, op 'n waardige wyse die plek van die Tazz, Buffeltjie, sal kan inneem," sê me. Du Plessis.



*Dr. Retha Du Plessis in die nuwe Volkswagen Caddy aangekoop vir ontwikkelingswerk. In die agtergrond is prof. Frederick Fourie, UV-rektor en Visekanselier, en ds. Kiepie Jaftha, Hoofdirekteur: Samelewingsdiens.*

# US firm asks UFS for help



*Dr Murali Bandla (left) and Ms Joan Lawton (right) from the company EnviroLogix Inc. in Portland, Maine, USA, recently visited Mr Botma Visser (centre) and Prof. Sakkie Pretorius of the Department of Plant Sciences to develop a diagnostic test kit for soybean rust. This disease is threatening soybean crops worldwide and its recent appearance in the USA prompted these scientists to develop a test for accurate and timely diagnosis.*

## Aanstellings en bevorderings

**Mev. G.M. Steenkamp** is vanaf 1 Mei 2005 as Programdirekteur aangestel in die Departement Stads- en Streekbeplanning.

**Dr. M. Tredoux** is aangestel as medeprofessor in die Departement Geochemie.

**Dr. C. Gauert** is aangestel as Senior Lektor in die Departement Ekonomiese Geologie.

**Mnr. T. N. Mtshali** is vanaf 1 April 2005 aangestel as junior lektor in die Departement Chemie.

**Me. C. Crous** word vanaf 1 Julie 2005 as Senior Lektor in die Sentrum vir Rekeningkunde aangestel.

**Me. B.K. Mashope** is vanaf 1 Mei 2005 as lektor/navorser in die Departement Plantwetenskappe aangestel.

## In Memorium

**Mnr. Alfred Molelekoa**, posbode, is oorlede. Hy was vir meer as 20 jaar verbonde aan die UV.

# Tifaf shares expertise with faculty administrators



*The Tertiary Institutions Faculty Administrator's Forum (Tifaf) held its third annual conference at the UFS. One of the highlights of the conference was the lecture by Prof. Deon Rossouw, Head of the Department Philosophy at the University of Pretoria, on ethics in the workplace. Most universities in Southern Africa are part of Tifaf that assists faculty administrators in terms of expertise and capacity building. At the conference were from left Mr Nick Venter, Assistant Director: Academic Student Services at the UFS, Ms Sisana Machi, Manager: Student Administration at the University of Pretoria, and Mr Peet du Plessis of the Tifaf Management Committee.*

# Dr Stroebel elected to SARIMA Executive

Dr Aldo Stroebel, Senior Researcher in the Research Development Directorate of the UFS was elected to the Executive Committee of the South African Research and Innovation Management Association (SARIMA) during its fourth conference.

The conference was titled *Managing Research and Innovation for Development*, with emphasis on the Southern African context, with international experience serving to provide comparisons and possible strategies for improvement in the way research and innovation is managed in this region.

The aim of SARIMA is among others the professional development and capacity building of those involved in managing research and innovation systems and the promotion of best practice in the management and administration of research and innovation to create value for education, public benefit and economic development.

# Beste opstel word beloon



*Die Portefeuljekomitee: Bemarking en Reklame van die universiteit het 'n studiebeurs van R10 000 aan mnr. Jonker Greyling, eerstejaar-onderwysstudent oorhandig. Om in aanmerking te kom moes aansoekers 'n opstel skryf. Hier is mnr. Greyling (middel) saam met prof. Jack van der Linde, Voorsitter van die Bemarkingskomitee, en prof. Engela Pretorius, Visedekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe.*

# Experience 2005 London reunion

It is almost time for the Castle Lager Kovsie Alumni London reunion. This year's reunion will be in a class of its own and will be held on the Queen Mary on the Thames River, starting at 18:00 on Saturday 16 July 2005. The popular Blou Willem Theron will be the keynote speaker and a cantush (singing Afrikaans songs and having an incredible time) will also be held. Attend or inform your Kovsie alumni family members and friends in London of the reunion. For £7 (paying for the buffet) they could be part of this unforgettable event. The first 120 people to respond to anlibosman@yahoo.com will be accommodated. For further enquiries, contact Jeannette Jansen at alumni@mail.uovs.ac.za




## "Riverview Lodge"

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

ACCOMMODATION

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for Large/Small Groups (Sports Groups/Academic/ Holiday Accommodation)**
**Five Star Budget Accommodation**
**Conveniently Situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75 / sharing**
**(Bed & Breakfast (Budget)**
**Meals available upon request**
**Ph: (021) 447 9056**
**Fax: (021) 447 5192**
**Email: info@riverview.co.za**
**Special rate for Groups / Long staying Guests**
**Go to our website, www.riverview.co.za or phone/fax/email us for additional information.**

**Adresplakker**

# Damesklub vier halfeeu



*Die UV-damesklub het vanjaar 50 kersies doodgeblaas ter viering van sy 50ste bestaansjaar. Talle van die stigterslede het die geleentheid bygewoon. Die klub is in 1955 gestig om nouer kontak tussen die eggenote van doserende personeel te bewerkstellig, maar dit is later oopgestel vir alle vroue aan die UV. Lede van die klub het mettertyd bekende gesigte by die tee-geselllighede na afloop van die gradeplegtighede geword. Geld wat met hierdie tee-aanbiedings verdien is, is oor die jare gebruik om beurse aan 150 studente beskikbaar te stel. Vyf van die stigterslede wat hier die kersies doodblaas, is van links mevv. Dalina van der Merwe, Elize van Pletzen, Kleintjie Richards, Jopie Bok en Marie van der Westhuizen.*

## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
**Uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
**Drukwerk:** Print 24

Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

## Advertensie

**Stellenbosch:** 1-slaapkamer selfsorgwoonstel (yskas, twee-plaat-stofie met oond, mikrogolf, eetgerei, kookgerei, TV, selfbetaaltelefoon en wasmasjien) te huur op dagbasis of vir langer periodes. R250 per dag (maandtarief ook beskikbaar). Ideaal vir besoekers, besoekende akademici en vakansiegangers. Huisves twee. Rustige omgewing met veilige toesluitparkering. Binne stapafstand van winkels, middedorp. Skakel (021) 887-2619 of (021) 808 3576 vir navrae.

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies